



eduresourceza.com



Plak asseblief die
strepieskode-etiket hier

TOTALE
PUNTE

--

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

TOERISME

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 3 uur

200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

- Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
- Beantwoord AL ses vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in te vul in die spasie wat op die vraestel voorsien word.**
- 'n Nie-grafiese, nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word. Toon alle berekeninge.
- Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
- Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksie.
- Kandidate moet gekleurde penne gebruik om die konsepkaart te voltooi.
- TWEE blanko bladsye (bladsy 23 en 24) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

VRAAG	PUNTETOEKENNING	PUNTE BEHAAL	BENADERDE TYD PER VRAAG
1	32		±29 minute
2	33		±29 minute
3	23		±21 minute
4	30		±27 minute
5	44		±40 minute
6	38		±34 minute
Totaal	200		±180 minute

VRAAG 1

Verwys na die TripAdvisor-resensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Anoniem1000

TripAdvisor

Geskryf November 2022

'n Verstommende safarireis deur *Jewel of Africa*!

Jewel of Africa was uitstekend en bedrewe daarin om ons Afrika-reis aan te pas. Neil de Jonge het die tyd geneem om na ons persoonlike belangstellings te luister en elke stop en aktiwiteit te verander om aan ons behoeftes te voldoen. Hy het ons gewys hoe om ons reis die beste te reël, geduldig ons vrae beantwoord (baie video-oproep oor 12 maande, insluitend een keer terwyl hy in die bos in Botswana was!) en ons met die beplanning tydens Covid gehelp. Ons kon in Junie 2022 reis! Elize het gehelp met al die besonderhede en besprekingsinligting, en vereistes gekommunikeer. Ons het regtig al die inligting wat op die webwerf beskikbaar was, waardeur. Ek beveel *Jewel of Africa* sterk aan vir 'n Afrika-toer wat by jou persoonlike behoeftes aangepas is.

[Bron: <<https://www.joasafaris.com/safari-client-reviews/>> Verkry op 06.02.2023]

- 1.1 Verduidelik die impak van goeie kliëntediens op die winsgewendheid van *Jewel of Africa*.

(5)

- 1.2 Behalwe die lees van resensies, noem twee ander metodes wat Neil kan gebruik om terugvoer te bekom.

(2)

- 1.3 Bespreek hoe terugvoer vir 'n besigheid belangrik is.

(3)

1.4 1.4.1 Identifiseer 'n beroep wat in die toerismesektor gevolg kan word.

(1)

1.4.2 Gee 'n kort beskrywing van die beroep wat jy in Vraag 1.4.1 genoem het.

(1)

1.4.3 Illustreer 'n loopbaanroete wat gevolg kan word vir die beroep wat jy in Vraag 1.4.1 genoem het.

(4)

1.5 Onderskei tussen 'n gedragskode en 'n dienskontrak deur na die inhoud van elkeen te verwys.

(8)

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal ruling lines. The lines are evenly spaced and run across the width of the page. A diagonal watermark, which reads "sourceza.com", is visible across the center of the page. The watermark is light gray and semi-transparent. There are no other markings or text on the page.

eduresourceza.com

VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende:

2.1.1 Definieer die term *BBP*.

(2)

2.1.2 Beskryf vier voordele van 'n hoë BBP.

(4)

2.1.3 Verduidelik die positiewe en negatiewe impak van wisselende koerse of skommeling in koerse op internasionale toerisme.

(4)

2.1.4 Onderskei tussen die Bankkoopkoers en die Bankverkoopkoers.

(4)

2.1.5 Verduidelik hoekom SAOG-lande, as ontwikkelende lande, hoë toerisme-standaarde moet handhaaf.

(2)

2.1.6 Voorsien 'n argument ten gunste van 'n land wat 'n swak geldeenheid het.

(5)

2.2 Bestudeer die inligting in die wisselkoerstabel hieronder om die vrae wat daarop volg te beantwoord. **TOON ALLE BEREKENINGE.**

Kontinent	Geldeenheid	Afkorting	ZAR koers
Verenigde State van Amerika	Amerikaanse dollar	USD	17,53
Brittanje	Britse pond	GBP	21,13
Japan	Japanese jen	JPY	0,13
China	Chinese yuan	CNY	2,58
Australië	Australiese dollar	AUD	12,22
Europa	Euro	EUR	18,82

[Koerse soos op 8 Februarie 2023. Bron: <<https://www.x-rates.com/table/?from=ZAR&amount=1>>]

2.2.1 Die skool se dramaklub reis na Londen om verskeie toneelopvoerings by te woon. Gedurende die begrotingsbeplanning besluit hulle dat ZAR15 000 genoeg vir sakgeld vir elke student sal wees. Skakel hierdie bedrag om na die geldeenheid wat hulle nodig sal hê. Toon alle berekeninge en rond jou antwoord af tot twee desimale syfers.

(3)

- 2.2.2 Die Grey-familie van Seattle, in die VSA, gaan by hulle dogter in Johannesburg, Suid-Afrika kuier. Hulle het USD3 200 gespaar vir hierdie besoek. Bereken hoeveel sakgeld hulle in Suid-Afrikaanse rand (ZAR) sal hê. Toon alle berekeninge.

(3)

- 2.2.3 Die Greys keer twee maande later na die VSA terug. Hulle het ZAR4 700 oor, en die wisselkoers het verander na $\text{USD1} = \text{ZAR17,20}$. Verduidelik hoe die nuwe wisselkoers hulle finansies sal beïnvloed. Toon alle berekeninge.

(6)
[33]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die betekenis van die 0 grade-lengtelyn.

(2)


3.2 3.2.1 Gee 'n ander naam vir die 180 grade-lengtelyn.

(1)

3.2.2 Op Vrydag 3 Februarie, vlieg 'n toeris van Wellington in Nieu-Seeland oos oor die 180 grade-lengtelyn. Watter dag sal dit wees wanneer hy in Hawaii aankom? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

(2)

WÊRELDTYDSONEKAART



3.3 Verwys na die **wêreldtydsonekaart** op bladsy 9 om jou te help om die volgende vrae te beantwoord.

3.3.1 'n Sakevrou in Nairobi in Kenia het 'n Zoom-vergadering met 'n kollega in Alaska. Hulle vergadering is geskeduleer vir 16:00 in Nairobi.

Bereken die tyd en datum wat haar kollega in Alaska op Zoom moet inskakel. Alaska pas DBT (dagligbesparingstyd) toe.

(5)

3.3.2 Noem die reisverwante toestand wat die sakevrou heelwaarskynlik sou ondervind, indien sy vir die vergadering na Alaska gevlieg het. Verduidelik ook die rede vir die waarskynlikheid dat sy dié toestand sal ondervind.

(2)

3.3.3 'n Pasgetroude paartjie van Londen, Engeland, vertrek vir hulle wittebrood. Hulle sal op 1 Desember om 09:00 na Mauritius vertrek. Die vlug sal 12 ure duur. Bereken die plaaslike tyd en datum van hulle aankoms in Mauritius.

(5)

3.4 Voorsien 'n argument ten gunste van 'n land wat dagligbesparingstyd toepas.

(4)

3.5 Noem twee simptome van vlugvoosheid.

(2)

[23]

VRAAG 4

"Frankryk 2023 nooi rugbyaanhangers om reg te maak vir 'n uitsonderlike geleentheid en oomblikke om te vier saam met meer as 600 000 internasionale besoekers wat gedurende die toernooi verwag word."

[Aangepas uit: <<https://www.rugbyworldcup.com>>]



[Bron: <<https://upload.wikimedia.org>>]

Gebruik die bronne hierbo om die volgende vrae te beantwoord:

4.1 Identifiseer die kategorie van hierdie geleentheid.

(1)

4.2 Noem drie karaktereienskappe van hierdie tipe geleentheid.

(3)

4.3 Noem vier negatiewe effekte om 'n wêreld-geleentheid in jou land aan te bied.

(4)

4.4 Noem vier eienskappe van 'n suksesvolle geleentheid.

(4)

4.5 Verduidelik die redes vir goeie spanwerk aan World Rugby, die organiseerders van hierdie geleentheid.

(4)

4.6 Noem drie reisdokumente wat internasionale toeriste behoort te hê wanneer hulle hierdie geleentheid bywoon.

(3)

4.7 Onderskei tussen die twee kanale waardeur 'n toeris by doeane kan gaan.

(2)

4.8 Identifiseer drie items wat as doeanevry gesien word.

(3)

4.9 Noem drie verbode items.

(3)

4.10 Noem drie items wat verklaar moet word.

(3)
[30]

VRAAG 5

Verwys na die teks hieronder om die volgende vrae te beantwoord.

Ontmoet Sarah, 'n jong entrepreneur van Zambië. Sy het in 'n klein dorpie naby die Onder-Zambezi Nasionale Park grootgeword. Sy wou 'n verskil in haar gemeenskap maak deur volhoubare toerisme te bevorder.

Nadat sy toerisme studeer het, het sy 'n klein ekotoerismebedryf begin wat begeleide toere van die park en kulturele toere aangebied het. Met haar passie en harde werk het haar besigheid gou populêr geword en het sy besef dat daar 'n groot vraag na volhoubare toere was.

Sy het begin om plaaslike gidse op te lei en het nou met die plaaslike bevolking saamgewerk. Haar besigheid het baie voordele verskaf, soos om werk te skep, om 'n inkomste uit toerisme te genereer en om na die plaaslike kultuur en manier van leef om te sien.

Vandag is dit een van die leiers in die ekotoerismebedryf in Zambië en is dit 'n voorbeeld vir ander in die bedryf.

Haar storie is 'n bewys van die mag van entrepreneurskap en die impak wat volhoubare en verantwoordelike toerisme op die plaaslike gemeenskap kan hê.

[Bron: <<https://chat.openai.com/chat>> verkry op April 12, 2023, die platform is gebaseer op die GPT-3.5 argitektuur]

5.1 Beskryf die aard van Sarah se besigheid.

(2)

5.2 5.2.1 Noem twee maniere waarop Sarah die plaaslike gemeenskap in haar besigheid betrek.

(2)

5.2.2 Noem twee voordele van Sarah se besigheid vir die gemeenskap.

(2)

- 5.3 Noem twee vaardighede wat 'n entrepreneur, soos Sarah, behoort te hê om suksesvol te wees.

(2)

- 5.4 Beskryf die tipiese teikenmark vir Sarah se besigheid.

(2)

- 5.5 Noem drie aspekte wat gewoonlik in 'n besigheidsplan ingesluit word.

(3)

- 5.6 Stel 'n betalingsmetode voor wat 'n toeris kan gebruik om vir Sarah 'n deposito vir hul reis te betaal. Ondersteun jou antwoord deur twee voordele van hierdie metode te verskaf.

(3)

- 5.7 Evalueer of dit raadsaam is vir 'n toeris om kontant saam met hom/haar te dra. Gee twee redes vir jou antwoord.

(3)

- 5.8 Verduidelik hoekom Zambië, as 'n ontwikkelende land, hoë toerismestandaarde moet handhaaf deur na die impak van toerisme op die BBP van 'n land te verwys.

(2)

- 5.9 Jy wil Sarah oortuig om jou as werknemer aan te stel. Beskryf kortliks drie van jou persoonlike sterk punte. Verduidelik hoe dit waarde tot haar besigheid sal toevoeg.

(6)

- 5.10 Gee raad aan toeriste wat Zambië besoek, oor twee gesondheids- en twee veiligheidsmaatreëls tydens hul besoek.

(4)

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal ruling lines. The lines are evenly spaced and run across the width of the page. A faint, diagonal watermark reading "dresourceza.com" is visible across the center of the page.

eduresourceza.com

VRAAG 6

Verwys na die teks hieronder om die vrae wat volg te antwoord.

Tsodilo Hills is 'n gebied in Botswana met meer as 4 500 rotstekeninge en -graverings wat meer as 20 000 jaar oud is. Die San-bevolking, wat vir 'n lang tyd daar geleef het, beskou dit as 'n heilige plek waar hulle voorvadergeeste leef. Die Bantoesprekende mense glo ook dit is die geboorteplek van die eerste Tswana-voorvader.

Behalwe vir die spirituele en kulturele belang, speel Tsodilo Hills 'n belangrike rol in die gebied se ontwikkeling. Opgrawings het bewyse van menslike bewoning wat tienduizende jare terug dateer, opgelewer, insluitende die vroegste gebruik van vuur en klipgereedskap. Die heuwels was ook 'n belangrike bron van ystererts wat bygedra het tot die Ystertydperk in Suidelike Afrika.

Dit is nou 'n gewilde toeriste-aantreklikheid en pelgrimstogterrein wat besoekers lok om die pragtige rotsformasies en antieke kuns te aanskou en oor die ryk kulturele erfenis van die omgewing te leer. As 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied word dit erken vir die universele waarde daarvan en inspireer dit trots in die mense van Botswana en selfs verder.

[Bron: <<https://chat.openai.com/chat>> Verkry op Februarie 14, 2023),
die platform is gebaseer op die GPT-3.5 argitektuur

Konstrueer 'n konsepkaart waarin jy die effek van toerisme op die driedubbele slotreëlbenadering van Tsodilo Hills analiseer. Gebruik die volgende kollyspunte om jou te help met jou konsepkaart:

- (a) Identifiseer die drie pilare van volhoubaarheid.
- (b) Deur te verwys na die teks en deur jou eie kennis te gebruik, analiseer die effek van toerisme op die driedubbele slotreëlbenadering.
- (c) Stel maniere voor waarop toeriste 'n bydrae kan maak t.o.v. volhoubaarheid deur verantwoordelik op te tree.
- (d) Identifiseer vier maniere waarop Tsodilo Hills selfs meer suksesvol kan word.
- (e) Stel maniere voor waarmee Tsodilo Hills kan verseker dat sekere praktyke by Tsodilo Hills geld om omgewingsvriendelike toeriste te trek.

Maak seker dat jy die **onderlinge verhoudings** tussen die bogenoemde konsepte aantoon.

Gebruik **kleur en 'n sleutel** om tussen die verskillende konsepte en idees te onderskei.

Konstrueer jou konsepkaart op bladsy 20–21.

Verwys na die **rubriek** op bladsy 22 as 'n gids om jou konsepkaart te voltooi.

[38]

Konsepkaart

eduresourceza.com

Konsepkaart

eduresourceza.com

RUBRIEK VIR KONSEPKAART

KRITERIA	4	3	2	1	0	PUNTE
(a) Drie pilare van volhoubaarheid		Al drie pilare korrek geïdentifiseer.	Twee pilare korrek geïdentifiseer.	Slegs een pilaar genoem.	Geen antwoord verskaf nie.	3
(b) Analise van die impak van toeriste op Tsodilo Hills.	Vier tot vyf aspekte is verskaf, en impak is baie goed verduidelik. 'n Duidelike analise is gemaak. X3	Twee tot drie aspekte is verskaf en impak is verduidelik. 'n Vae analise is gemaak. X3	Twee tot drie aspekte is genoem, maar impak is oppervlakkig verduidelik. Geen analise gemaak. X3	Impak is nie verduidelik of nie goed verduidelik nie. Geen bewys van 'n analise. X3.	Geen antwoord verskaf nie.	12
(c) Verantwoorde-like gedrag van toeriste.		Drie voorbeelde per pilaar is verskaf. X3	Twee voorbeelde per pilaar is verskaf. X3	Een voorbeeld is genoem. X3	Geen antwoord verskaf nie.	9
(d) Faktore wat bydra tot die sukses van Tsodilo Hills.	Vier faktore is verskaf.	Drie faktore is verskaf.	Twee faktore is verskaf.	Slegs een verskaf.	Geen antwoord verskaf nie.	4
(e) Maniere om omgewings-vriendelike toeriste te lok.		Twee voorbeelde per pilaar is verskaf. X2		Slegs een voorbeeld per pilaar is verskaf.	Geen antwoord verskaf nie of buite konteks.	6
Skakels is gemaak		Alle moontlike skakels is gewys, en al die verhoudings is aangedui.	Sommige skakels is gemaak en sommige verhoudings is aangedui.	Skakels is gemaak, maar is lukraak en geen verhoudings is aangedui nie.	Geen skakels gemaak nie.	2
Sleutel en verskillende kleure		Sleutel en verskillende kleure is suksesvol gebruik.		Geen sleutel OF geen kleure is gebruik nie.	Geen sleutel EN geen kleur gebruik nie.	2
						Totaal = 38

Totaal: 200 punte

